



BELYDENDE LIDMATE – VRAESTEL

| BESTEK                |                         |
|-----------------------|-------------------------|
| <i>Ou Testament</i>   | <i>Klaagliedere 1-4</i> |
| <i>Nuwe Testament</i> | Handelinge 14-16        |
| <i>Les</i>            | HK: v/a 1 - 23          |

Afdeling A – Klaagliedere 1-4

**Vraag 1 Omkring die regte antwoord op die antwoordstel:**

- 1.1 Hoe het die stad geword wat eers vol mense was? (Klaagl. 1:1)  
a) ryk      b) verlate      c) vol stof      d) niks het verander
- 1.2 Wat doen sy nou snags? (Klaagl. 1:2)  
a) sy ween      b) sy lag      c) sy tel haar geld      d) sy rus
- 1.3 Wie het vir Juda ingehaal? (Klaagl. 1:3)  
a) sy leuens      b) sy vervolgers      c) sy vroue      d) sy atlete
- 1.4 Hoekom het die Here Sion droefheid aangedoen? (Klaagl. 1:5)  
a) weens haar skuld      b) dis nie bekend nie  
c) weens haar oortredings      d) om hulle vyande hoop te gee
- 1.5 Wat het van die dogter van Sion gewyk (Klaagl. 1:6)  
a) haar geheue      b) haar goud      c) haar silwer      d) haar heerlikheid
- 1.6 Wat het aan Jerusalem se some gekleef? (Klaagl. 1:9)  
a) modder      b) stof      c) haar onreinheid      d) eer
- 1.7 By watter plek het die heidene ingegaan? (Klaagl. 1:10)  
a) die paleis      b) Judea      c) die stad      d) die heiligdom
- 1.8 Wie was nie toegelaat om in die vergadering van die Here te kom nie? (Klaagl. 1:10)  
a) die priesters      b) die heidene      c) die Leviete      d) die koning
- 1.9 Wat het die volk vir voedsel gesoek? (Klaagl. 1:11)  
a) niks      b) vleis      c) brood      d) vis
- 1.10 Sion is hartseer, maar wat kan sy nie kry nie. (Klaagl. 1:17)  
a) haar kinders      b) 'n trooster      c) haar geld      d) haar huis

**Vraag 2 Vul die ontbrekende woorde op die antwoordstel in:**

stad, priesters, vyand, ontheilig, Jakob, ellende, altaar, muur, toorn, bedrog,

- 2.1 **Klaagl. 1:19:** Ek het geroep na my liefhebbers - hulle het my in die steek gelaat; my A en my oudstes het in die B beswyk toe hulle voedsel vir hulle gesoek het om hulleself te verkwik.
- 2.2 **Klaagl. 2:2:** Die Here het al die woonplekke van C sonder verskoning verslind.

- 2.3 Die Here het soos 'n D geword. (Klaagl. 2:5)
- 2.4 **Klaagl. 2:7:** Die Here het sy E verwerp, sy heiligdom F, die mure van haar paleise in die hand van die vyand oorgelewer.
- 2.5 **Klaagl. 2:8:** Die Here het Hom voorgeneem om die G van die dogter van Sion te verwoes.
- 2.6 Die godsprake van Israel se profete was nie getrou nie. Hulle godsprake was vol H. (Klaagl. 2:14)
- 2.7 Niemand het op die dag van die Here se I vrygeraak of ontkom nie. (Klaagl. 2:22)
- 2.8 **Klaagl. 3:1:** Ek is die man wat J gesien het deur die roede van sy grimmigheid.

**Vraag 3** **Sê of die volgende Waar of Vals is.**  
**Vul jou antwoord op die antwoordstel in:**

- 3.1 Israel moes wandel in duisternis. (Klaagl. 3:2)
- 3.2 Dit het vir Israel gevoel of hulle gebede nie verhoor word nie. (Klaagl. 3:8)
- 3.3 Die Here het hulle soos 'n arend voorgelê. (Klaagl. 3:10)
- 3.4 Israel was nie 'n belagging nie. (Klaagl. 3:14)
- 3.5 Israel het hoop op die Here verloor. (Klaagl. 3:18)
- 3.6 Die Here sal nie vir ewig verstoot nie. (Klaagl. 3:31)
- 3.7 Uit die mond van die Allerhoogste gaan slegs kwaad. (Klaagl. 3:38)
- 3.8 Ons hoef ons nie tot die Here te bekeer nie. (Klaagl. 3:40)
- 3.9 Die Here sie die verdrukking van Israel en verskaf reg. (Klaagl. 3:59)
- 3.10 Die Here sal die verdrukke van Israel weer vervolg en hulle verdelg. (Klaagl. 3:66)

**Vraag 4** **Beantwoord die volgende vrae op die antwoordstel:**

- 4.1 Die boek staan bekend as die Klaagliedere van \_\_\_\_\_. (Klaagl. 1)
- 4.2 Israel word telkemale genoem die dogters van \_\_\_\_\_. (Klaagl. 1:6)
- 4.3 Het Israel gevoel dat hulle gebede verhoor was? (Klaagl. 3:8)
- 4.4 Wat was die naam van die stad wat verlate gelaat is? (Klaagl. 1:1)
- 4.5 Het Israel geweene of gelag oor hulle toestand? (Klaagl. 1:16)

**35 Punte**

***Afdeling B – Handelinge 14-16***

**Vraag 5** **Omkring die regte antwoord op die antwoordstel:**

- 5.1 By Ikónium het \_\_\_\_\_ en Grieke gelowig geword. (Hand. 14:1)  
 a) Grieke      b) Engelse      c) Egiptenare      d) Damaskeners
- 5.2 Watter beweging het ontstaan in Ikónium onder die heidene, Jode en die owerstes teenoor die apostels? (Hand. 14:5)

- a) om hulle te mishandel en te stenig      b) om vir hulle huise te bou  
c) om vir hulle kos te gee                      d) om komberse uit te deel
- 5.3 Wat het Paulus in Likaónië, Listre en Derbe gedoen? (Hand. 14:6)  
a) die evangelie verkondig                      b) rondgetoer  
c) bejaardes gehelp                              d) klinieke opgerig
- 5.4 In \_\_\_\_\_ was 'n man wat kreupel was van sy geboorte af. (Hand. 14:8)  
a) Filippi      b) Listre      c) Korinte      d) Damaskus
- 5.5 Na die genesing van die man het die inwoners gedink dat Paulus een van die \_\_\_\_\_ was. (Hand. 14:11)  
a) priesters      b) gode      c) smouse      d) dokters
- 5.6 Waartoe het Paulus die mense opgeroep na die genesing van die man wat kreupel was. (Hand. 14:15)  
a) evangelisasie      b) bekering      c) dankoffers      d) gebed
- 5.7 Jode van Antochië en Ikonium het gekom en nadat hulle die skare omgepraat het, het hulle vir Paulus \_\_\_\_\_. (Hand. 14:19)  
a) versorg                      b) geprys                      c) gestenig                      d) ondersteun
- 5.8 Paulus het die volgende dag saam met \_\_\_\_\_ na Derbe vertrek. (Hand. 14:20)  
a) Lukas      b) Stefanus      c) Bárnabas                      d) Petrus
- 5.9 Wat is by elke gemeente gekies? (Hand. 14:23)  
a) vroue wat kon kosmaak      b) sekuriteit  
c) ouderlinge                      d) genoeg helpers
- 5.10 Waaroor het Paulus en die ander verslag gedoen? (Hand. 14:27)  
a) wat mense aan hulle gedoen het                      b) watter siektes opgedoen is  
c) wie nie hulle werk gedoen het nie                      d) wat God met hulle gedoen het

**Vraag 6 Voltooi die volgende verse en vul die antwoord op die antwoordstel in:**

**Moses, besny, bevel, apostels, Fariseërs, manier, ouderlinge, Heilige Gees, genade, harte**

- 6.1 “As julle nie A word volgens die gebruik van B nie, kan julle nie gered word nie. van jou, en God of die gedagte van jou hart miskien kan word” (Hand. 15:1).
- 6.2 “Maar sommige gelowiges uit die party van die C het opgestaan en gesê: Dit is noodsaaklik dat hulle besny word en D ontvang om die wet van Moses te onderhou.” (Hand 15:5).
- 6.3 “En die E en die F het vergader om hierdie saak te ondersoek.” (Hand. 15:6).
- 6.4 “En God wat die G ken, het vir hulle getuienis gegee deur aan hulle die H te skenk net soos aan ons.” (Hand. 15:8)
- 6.5 “Maar ons glo dat ons deur die I van die Here Jesus Christus gered word op dieselfde J as hulle ook.” (Hand. 15:11)

**Vraag 7**     **Sê of die volgende Waar of Vals is.**  
**Vul jou antwoord op die antwoordstel in:**

- 7.1 Paulus en Barnabas se paaie het van mekaar geskei. (Hand. 15:39).
- 7.2 Paulus het saam met Silas verder gereis. (Hand. 15:40).
- 7.3 Paulus het vir Timótheüs in Derbe en Listre ontmoet. (Hand. 16:1).
- 7.4 Die Gees van God het Paulus toegelaat om op elke plek die evangelie te verkondig. (Hand. 16:6).
- 7.5 Paulus het met die manne by die gewone bidplek in Fillipi gepraat. (Hand. 16:13)
- 7.6 Lídia, het nie na Paulus geluister nie. (Hand. 16:14)
- 7.7 Paulus het die bose gees beveel om in die Naam van Jesus uit die vrou uit te gaan. (Hand 16:18)
- 7.8 Die eienaars van die vrou wat bevry is van die waarseënde gees, was kwaad daaroor. (Hand. 16:19-20)
- 7.9 Paulus en Silas was geprys as vredemakers in die stad. (Hand. 16:20)
- 7.10 Paulus en Silas het baie gehuil en was ontroosbaar in die gevangenis. (Hand. 16:25)

**Vraag 8**     **Beantwoord die volgende vrae op die antwoordstel:**

- 8.1 Wat wou die tronkbewaarder met homself doen toe hy sien die tronkdeure is oop? (Hand. 16:27)
- 8.2 Wat het skielik gebeur sodat die deure van die gevangenis oopgegaan het. (Hand. 16:26)
- 8.3 Gee die twee name wat die inwoners van Listre aan Paulus en Barnabas gegee het na die wonderbaarlike genesing van die kreupel man? (Hand. 14:12)(2)
- 8.4 Oor watter spesifieke saak, wat die heidene raak, het die vergadering in Jerusalem gegaan? (Hand. 15:1-2)

---

**35 Punte**

|                                     |
|-------------------------------------|
| <b>Afdeling C – HK. v/a. 1 - 23</b> |
|-------------------------------------|

**Vraag 9**     **Sê of die volgende Waar of Vals is.**  
**Vul jou antwoord op die antwoordstel in:**

- 9.1 My enigste troos in lewe en sterwe is dat ek aan Jesus Christus behoort. (vraag 1)
- 9.2 Uit die wet ken jy jou ellende. (vraag 3)
- 9.3 Jy kan die wet volkome onderhou. (vraag 5)
- 9.4 God het die mens goed geskape. (vraag 6)
- 9.5 Die mens is net goed en bedink geen kwaad nie. (vraag 8)
- 9.6 God gaan nie die ongehoorsaamheid straf nie. (vraag 10)

- 9.7 Die kan nie self versoening bewerk vir sy sonde nie. (vraag 13)
- 9.8 Die middelaar moes waarlik God wees om die toorn van God te kon dra. (vraag 17)
- 9.9 Alle mense word nie salig of gered nie, maar slegs hulle wat in Christus glo. (vraag 20)
- 9.10 Jesus Christus is die Middelaar wat deur God aangewys is. (vraag 18)

**Vraag 10 Vul ontbrekende woord op die antwoordstel in:**

**eniggebore, God, Pilatus, regterhand, derde, Maria, oordeel, heilige, ewige lewe, Heilige Gees**

- 10.1 Ek glo in A die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde. En in Jesus Christus, sy B Seun, onse Here; wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd C; wat gely het onder Pontius D, gekruisig, gestorwe en begrawe is, en ter helle neergedaal het; wat op die E dag weer opgestaan het uit die dode; opgevaar het na die hemel, en sit aan die F van die almagtige Vader; vanwaar Hy sal kom om te G die lewende en die dode. Ek glo in die H. Ek glo aan 'n I, algemene, Christelike Kerk, die gemeenskap van die heiliges; die vergewing van sondes, die wederopstanding van die vlees, en 'n J. (vraag 23)

**Vraag 11 Beantwoord die volgende vrae op die antwoordstel:**

- 11.1 Watter drie dinge moet jy weet volgens Heidelbergse Kategismus vraag 2? (vraag 2)(3)
- 11.2 Watter twee sake eis die wet van ons, soos saamgevat in vraag 4. (2)
- 11.3 Watter twee eienskappe moet die Middelaar oor beskik. (vraag 15) (2)
- 11.4 Noem die twee elemente van geloof. (vraag 21)(2)
- 11.5 Voltooi vanuit die wet: "Jy moet die Here jou God \_\_\_\_\_, met jou hart en met jou hele siel en met jou hele verstand." (vraag 4)

---

**30 Punte**

**Totaal: 100 Punte**